

## MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

### NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 5 MAART 2013 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

#### NOMMER 2/2013

#### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed geopen deur Kruger de Wet waarna al die lede welkom geheet word.

#### 2. PRESENSIE

##### 2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Johan Lotter		Reebok (bo spoor)
Pieter le Roux (sluit 14:00 aan)		Kleinbrak
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Ina Blom	Notuleerder	Reebokhoogte
Frik Nel		Reebokrif / Bewarea
Leon Kruger		Reebokrif
Terrie Terblanche		Riverside
Len Rauch		Tergniet
Mike Wray	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Dorothy Barnard	Sekretaris/Tesourier	

##### 2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Rozain Hansen	Munisipaliteit
Bertie Supra	Munisipaliteit
Abrie Nel	Munisipaliteit

##### 2.3 Afwesig met verskoning

Charl de Wet	Kleinbrak
Jan Roets	Tergniethoogte
Lavinia Lunow	Fraaiuitsig
Des Muller	Riverside
Abdul Coleridge	Munisipaliteit

#### 3. LIEF EN LEED

Geluk aan Pieter le Roux wat op 2 April verjaar.

#### 4. AANBIEDING DEUR MUNISIPALE AMPTENAAR (Abrie Nel)

##### 4.1 Riglyne vir blouvlagstrande

Die vergadering neem kennis van die volgende:

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p>Die Munisipaliteit het twee jaar gelede aansoek gedoen vir blouvlagstatus vir strande waarvan Kleinbrak die vierde strand is. Die loodsprojek is nou in proses . Die kwaliteit van water is baie belangrik.</p> <p>Daar is nog 30 vereistes waaraan voldoen moet word, byvoorbeeld veiligheid en sekuriteit, 'n noodhulpkamer, omgewingsprogram, ens.</p> <p>Die seisoen tydperk is jaarliks 1 Desember tot 31 Januarie tussen 09:00 en 17:00.</p> <p>Vrae deur lede word as volg beantwoord:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Honde op strande:</b> Sal deur Sekuriteit aangespreek word.</li> <li>• <b>Vuil strande tydens laagwater:</b> Om strande skoon te kry bly 'n uitdaging.</li> <li>• <b>Langer skofte vir lewensredders:</b> Word weens tekort aan finansies beperk.</li> <li>• <b>Stortkoppe en aanbring van 'n kraan by ablusiegeriewe:</b> Stortkoppe word daagliks deur skoonmakers afgehaal om te verhoed dat dit gesteel word. Ondersoek sal ingestel word dat 'n kraan aangebring word.</li> <li>• <b>Gestremdes:</b> Toegang tot water/strand moet op die kapitaalbegroting aangebring word tydens GOP besprekings in Augustus 2013.</li> </ul> <p><b>4.2 Skoonmaak/Ontbossing van sypaadjies in die gebied</b></p> <p>Inheemse plante word nie uitgehaal nie, behalwe wanneer dit verkeers-obstruksies veroorsaak.</p> <p>Die wydte van sypaadjies wissel tussen 1,5 tot 2 meter.</p> <p>Die vergadering neem kennis dat die Munisipaliteit jare gelede as vergunning onderhandel het dat sypaadjies in Impalaweg twee meter oopgesny word.</p> <p>Onsekerheid bestaan oor verantwoordelikheid vir oopsny by De Lange uitbreiding.</p> <p>Op versoek van mnr Johann Muller sal navraag gedoen word of 'n munisipale regulasie bestaan vir oopsny en wydte van sypaadjies.</p> <p><b>5. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</b></p> <p>Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur. Voorgestel en gesekondeer deur mnre Johann Muller en Kruger de Wet.</p>	<p>Rozain</p>

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
<b>6.</b>	<b>AANVULLENDE AGENDA</b>	
<b>6.1</b>	<p><b>De Lange uitbreiding</b></p> <p>Die vergadering besluit dat die uitbreiding voortaan tydelik deel sal vorm van die Vereniging en dat mnr Len Rauch as Tergniet area verteenwoordiger daarvoor verantwoordelik sal wees. Die besluit sal tydens die Algemene Jaarvergadering vir goedkeuring voorgelê word waarna die Konstitusie dienooreenkomstig gewysig sal word.</p>	
<b>6.2</b>	<p><b>Plakkers / bos slapers op Markus Louw se eiendom (agterkant van De Lange uitbreiding op die punt van Argaciastraat)</b></p> <p>Alhoewel die eiendom ter sprake privaat eiendom is, word versoek dat navraag gedoen word oor hervestiging van die plakkers.</p>	Rozain
<b>6.3</b>	<p><b>Tergniet naambord</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van 'n Tergniet stasiebord wat deur mnr Alex van Zyl, inwoner van Tergniet, herwin is. Omdat dit kultuur historiese waarde het, sal die Vereniging 'n skrywe aan die Munisipaliteit rig vir toestemming om dit in die omgewing te laat oprig.</p> <p>Voorstelle waar dit aangebring kan word is aan die begin van Tergniet by die spooroorgang, Kusweg of Impalaweg.</p> <p>Len Rauch word versoek om Alex van Zyl te kontak vir meer besonderhede en 'n foto en dit aan Dorothy deur te stuur vir finalisering.</p>	Len / Dorothy
<b>6.4</b>	<p><b>Onvoltooide bouperseel</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat die Munisipaliteit besluit het om die saak nie verder te voer nie aangesien dit 'n deernisgeval is. Daar is wel ooreengekom dat die eienaar die eiendom netjies sal maak. Haal af.</p>	Bertie
<b>6.5</b>	<p><b>Bruin water in Tergniet</b></p> <p>Dit lyk asof die vuil water probleem in die omgewing opgelos is. Daar word egter versoek dat die Munisipaliteit 'n interne ondersoek doen oor wat die probleem veroorsaak het met formele terugvoer aan die Vereniging.</p> <p>Die Vereniging was onder die indruk dat prosesse in plek gestel was om 'n herhaling van probleme in 2008 te voorkom.</p>	Rozain
<b>6.6</b>	<p><b>Kommunikasie etiek</b></p> <p>Voorbeelde waar munisipale amptenare herhaaldelik boodskappe ignoreer, word aan die vergadering voorgehou. Swak telefoon etiket is onaanvaarbaar en moet aangespreek word. Haal af.</p>	Rozain / Kallie

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	Lede word versoek om e-pos boodskappe te antwoord <b>wanneer inligting gevra word</b> , al het hulle geen insette om te lewer nie. Dit sal die administratiewe proses van die Sekretaris vergemaklik.	Lede
<b>7.</b>	<b>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</b>	
<b>7.1</b>	<b>R102 - Versperring van sig by uitgange</b>	
	Area lyk nog baie sleg maar tweedehandse spoedborde is opgerig. Anton bevestig dat mnr Anton Steenkamp ons baie goed gesind is, maar dat beperkte fondse en te min mannekrag aksies vertraag.	Anton
	Die besluit op notule 1/2013 word volledigheidshalwe steeds genotuleer, naamlik: <i>Indien die verlangde resultaat nie bereik word nie sal Anton 'n brief aan die Munisipaliteit stuur en hulle versoek dat hulle toestemming vra om die strook namens Eden skoon te maak soos in die geval van wetstoepassing.</i>	Anton
<b>7.2</b>	<b>Terugvoer oor bywoning van munisipale komiteevergaderings gehou op 13 Februarie 2013</b>	
	Die vergadering is deur Charl Coetzer en Lavinia Lunow bygewoon. Indrukke is dat die vergadering goed verloop het.	
	Die vergadering van 13 Maart sal deur Charl de Wet en Mike Wray bygewoon word en die vergadering van 10 April deur Anton Dellelijn en Johann Muller.	
<b>7.3</b>	<b>Wykskomitees – Nominasies</b>	
	Sluitingsdatum vir indiening van nominasies is 15 Maart 2013. 'n Beroep word op belangstellendes gedoen om nominasies in te dien. Haal af.	
<b>7.4</b>	<b>Toiletgeriewe in die gebied</b>	
	Versoek is gerig, maar geen terugvoer is ontvang nie.	Rozain
<b>7.5</b>	<b>"Kleinbraktuintjie" by T-aansluiting op R102 (Louise Boshoff)</b>	
	Afgehandel. Versoek word gerig dat die indringer bos op die h/v Da Gama en Impalaweg uitgehaal word. Haal af.	Rozain
<b>7.6</b>	<b>Straatnaam – Tergniet (Sorgfonteinpad) en hersiening van straatname in die gebied</b>	
	'n Skrywe met versoek vir hersiening van straatname in die gebied moet aan die Munisipaliteit gestuur word.	Dorothy
	Die voorstel dat inwoners genader word om voorstelle in te dien vir die naamlose straat, sal ondersoek word.	Dorothy

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
7.7	<p><b>Jaarlikse vergadering met die Burgemeester en afdelingshoofde (Aug/Sept)</b></p> <p>Anton en Mike sal die aangeleentheid hanteer. Sit op die aktiwiteitslys vir Junie 2013.</p>	Dorothy
7.8	<p><b>Besoek aan Eden Distriksmunisipaliteit se Rampbestuursentrum (Terugvoer oor besoek van 25 Februarie 2013)</b></p> <p>Die besoek is deur 9 verteenwoordigers meegemaak met dank aan Raadslid Gerber wat dit geïnisieer het. 'n Verslag is deur Des Muller opgestel wat aan lede beskikbaar gestel sal word.</p> <p>Verskeie bymekaarkom punte vir inwoners, in geval van 'n vloed, word bespreek. Kleinbrak se parkeerarea by die strand of die park in Albertinaweg word voorgestel. Haal af.</p>	Dorothy
7.9	<p><b>Trap na see by derde laan – Tergniet</b></p> <p>Kennis word geneem dat mnr Eddy Jantjies die area besoek het en dat die handreling vasgesit sal word. Met verwysing na die versoek dat 'n "wees versigtig" inligtingsteken by die trapreling aangebring word, is die Munisipaliteit van mening dat dit onnodig is. Die versoek vir die inligtingsteken moet weer gerig word.</p>	Rozain
7.10	<p><b>Vakansie seisoen – Nabetragting</b></p> <p>Nog geen formele terugvoer is ontvang op die skrywe van 16 Februarie nie.</p>	Rozain
7.11	<p><b>Informele pad na see – vanaf Seesterstraat tot by Harris-/Swartstrate</b></p> <p>Die informele pad is oopgesny en opgevol met dank aan die Munisipaliteit vir hul spoedige optrede. Haal af.</p>	Rozain
7.12	<p><b>Riverside Ontbossing – sekuriteitsrisiko vir inwoners asook Powertown mense</b></p> <p>Terugvoer op ons skrywe van 27 Februarie word nog ingewag.</p>	
7.13	<p><b>Aflaaipte vir huishoudelike afval</b></p> <p>Kennisgewings sal verander word sodat dit van die pad sigbaar is. Dakke sal aangebring word sodra fondse beskikbaar raak.</p> <p>Higiëne van die aflaaipte is bespreek en navraag sal gedoen word.</p>	Kallie Rozain
7.14	<p><b>Gesondheidsdienste</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat Rozain die aangeleentheid tydens 'n werksessie onder betrokkenes se aandag gebring het. Daar is voorgestel dat noodvoertuie met GPS toestelle toegerus word. Haal af.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
7.15	<p><b>Vordering en terugvoer met betrekking tot uitstaande sake deur die Munisipaliteit se Regsafdeling</b></p> <p>Mnr Niel Prins het ons in kennis gestel dat hulle nie aan ons versoek kan voldoen nie omdat regsangeleenthede geprivilegeerde inligting vervat en sub jucice is.</p> <p>Nadat regskundigheid ingewin is, sal 'n opvolgskrywe gestuur word.</p>	Anton / Dorothy
8.	<b>PROJEKTE</b>	
8.1	<p><b>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</b></p> <p>Frik doen weereens 'n beroep op lede om versoeke per e-pos aan hom deur te stuur. Verwys ook item 12.4.1.</p>	Lede
8.2	<p><b>Skoonmaak van erwe</b></p> <p>Deurlopende aksies.</p>	Johann Muller
8.3	<b>Rampbestuur</b>	
8.3.1	<p><b><i>Ramp Risiko-verminderingplan vir Groter Mosselbaai</i></b></p> <p>Geen nuwe verwickelinge nie.</p>	Gibo
8.3.2	<p><b><i>Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan</i></b></p> <p>Geen verslaggewing weens Des se afwesigheid.</p>	
9.	<p><b>FINANSIES</b></p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	Dorothy
10.	<p><b>POLISIËRING / BUURTWAG</b></p> <p>Misdad het met 50% gedaal. Gedurende Februarie is 7 sake aangemeld. Terrie vra lede om inwoners te herinner dat hulle seker maak wanneer hul vuurwapenlisensies verval.</p>	Lede
11.	<p><b>BEWAREA</b></p> <p>Geen nuwe verwickelings nie. 'n Vergadering is gereël vir 14 Maart om te besin oor Bewarea se inskakeling by die Vereniging.</p>	Frik
12.	<b>PLAASLIKE SAKE</b>	
12.1	<b>Fraaiuitsig</b>	
12.1.1	<p><b><i>Opvul van indraaie na SPAR vanuit Brinkley- en Seashellstraat</i></b></p> <p>Is nog nie herstel nie.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.1.2	<p><b>Kartering van nuwe uitbreidings in Reebokrif</b></p> <p>Navraag moet by Stadsbeplanning gedoen word.</p>	Rozain
12.1.3	<p><b>Wandelpad in Kusweg</b></p> <p>Die gedeelte aan die einde van die pad by Tergniet is besig om te sak en moet herstel word.</p> <p>Die vergadering neem kennis dat verdere opgradering binnekort sal begin.</p> <p>Om koste te minimaliseer sal twee jaar se werk waarvoor begroot is saam gedoen word.</p>	Rozain
12.1.3	<p><b>Versoek vir aanbring van spoedheuwel in Da Gamastraat</b></p> <p>Moet op die lys aangebring word tydens die Augustus GOP vergadering. 'n Impakstudie moet gedoen word. ? Haal af.</p>	Dorothy
12.2	<p><b>Klein-Brakrivier</b></p>	
12.2.1	<p><b>Tennisbane</b></p> <p>Johan Lotter doen navraag oor die vordering met eiendomsreg van die Tennisbane. Huur word aan die Munisipaliteit betaal, maar bane raak vervalte omdat dit geen aandag geniet nie. Haal af.</p> <p>Versoek oor vordering is reeds aan die Regsafdeling van die Munisipaliteit gestuur. Sien ook item 7.15.</p>	
12.2.2	<p><b>Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea</b></p> <p>Kontak is met mnr Pieter Myburg gemaak om die aangeleentheid te bespreek. Gibo sal dit opvolg.</p>	Gibo / Anton / Frik
12.3	<p><b>Reebok</b></p>	
12.3.1	<p><b>Noord van die spoorlyn</b></p> <p>Gate in paaie sal aan Frik deurgegee word. Mnr Johan Lotter stel voor dat die Munisipaliteit verseker dat gate op die korrekte manier herstel word. Haal af.</p>	Rozain
12.3.2	<p><b>Suid van die spoorlyn</b></p> <p>Geen probleme nie.</p>	
12.4	<p><b>Reebokhoogte</b></p>	
12.4.1	<p><b>Stoptekens op die h/v Seesterstraat en Mossellaan</b></p> <p>Padgebruikers ignoreer die 4-rigting STOP teken wat baie gevaarlik is. Die Verkeersafdeling moet versoek word om dringend en gereeld polisiëring toe te pas sodat oortreders vervolgt kan word.</p>	Ina / Frik

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.5	<p><b>Reebokrif</b></p> <p>Geen probleme nie.</p>	
12.6	<p><b>Riverside</b></p>	
12.6.1	<p><b><i>Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea</i></b></p> <p>Rugby organiseerders van Powertown moet nog 'n lys van wedstryde voorsien waarna dit aan die Munisipaliteit gestuur sal word.</p>	Anton
12.7	<p><b>Tergniet</b></p> <p>Geen probleme nie.</p>	
12.8	<p><b>Tergniethoogte</b></p> <p>Geen probleme nie.</p>	
13.	<p><b>KORRESPONDENSIE</b></p>	
13.1	<p>'n Skrywe oor honde op strande is op 14 Februarie aan mnr Colin Puren gestuur. Terugvoer is nog uitstaande.</p>	
13.2	<p>E-pos oor trappe en ablusiegeriewe van mnr Abrie Nel gedateer 18 Februarie. Korrespondensie is ter inligting aan komiteelede gestuur.</p>	
13.3	<p>Berig oor die nuwe bestuur van die Vereniging wat in die <i>Mosselbay Advertiser</i> en <i>Great Brak Post</i> verskyn het.</p>	
14.	<p><b>VOLGENDE VERGADERING</b></p>	
	<p>Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 5 April - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.</p>	
15.	<p><b>VERDAGING</b></p>	
	<p>Lede word bedank vir hulle voordurende toegewydheid, lang ure en omgee. Dank en waardering ook vir die betrokkenheid van die twee Raadslede, die munisipale verteenwoordiger Rozain Hansen en die Bou-Inspekteurs vir hulle professionele hulp. Die harde werk en lang ure van die Sekreteresse word op prys gestel en die nuwe Notuleerder Ina Blom word ook bedank vir haar opoffering en hulp. Die Voorsitter maak dit duidelik dat die Vereniging en sy verteenwoordigers nie gebruik sal word vir inwoners se eie gewin nie en dat lede sake mooi moet deurdink. Die Vereniging is gemik op sy doelstellings en deursigtige aksies en dienslewering tot gevolg. Die Voorsitter nooi die lede uit om met mekaar te gesels rakende enige probleme wat ondervind word.</p> <p>Die vergadering verdaag om 15:30.</p> <p>INA BLOM / DOROTHY BARNARD <b>NOTULEERDERS</b></p>	



ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p data-bbox="261 293 1201 360">GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 3/2013 GEHOU OP 2 APRIL 2013 – 13:00.</p> <p data-bbox="261 600 536 667">ANTON DELLEMIJN VOORSITTER</p>	